



ALGEMENE SINODE VAN DIE NED Geref KERK

GENERAL SYNOD OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

5 Mei 2026

Beste Saakgelastigdes en Skribas

Hierdie skrywe dien om julle op hoogte te hou van die voortgesette kontak met die Minister van Binnelandse Sake, Mnr Leon Schreiber, rakende die talle uitdagings wat ons ervaar, veral met die registrasie van huwelike en verwante prosesse.

Op 4 Mei 2026 het daar 'n ontmoeting plaasgevind met die Minister en sy personeel. Die vergadering is bygewoon deur die algemene sekretaris van ses hoofstroomkerke, onder leiding van die NG Kerk (myself en Dewyk Ungerer).

Vooraf is 'n memorandum aan die Minister gestuur, waarvan die kernpunte tydens die ontmoeting verder toegelig is. In kort het die memorandum gefokus op:

- die administratiewe en sistemiese uitdagings wat gemeentes en huweliksbevestigers tans ervaar;
- die gebrek aan konsekwente prosesse en duidelike kommunikasie;
- die behoefte aan gestandaardiseerde riglyne en verbeterde ondersteuning vanuit die Departement;
- die dringende noodsaaklikheid van meer effektiewe samewerking tussen die kerk en die Departement.

Die Minister het onderneem om met 'n amptelike skrywe te reageer wat ons ontmoeting sal bevestig en die uitkomst daarvan sal uiteensit. Ons het versoek dat hierdie skrywe sodanig geformuleer word dat dit deur al ses kerke gesirkuleer kan word, sodat ons met een stem en as kollektiewe kerklike vennoot van die Departement die saak kan aanspreek.

Tydens die onderhoud het die Direkteur-Generaal, mnr Thomas Sigama, ook verslag gedoen oor inisiatiewe wat tans binne die Departement ontwikkel word. Dit sluit onder meer in:

- die daarstelling van 'n toegewyde e-posadres vir huweliksbevestigers waarheen navraag gerig kan word;
- die ontwikkeling van 'n digitale toepassing om huweliksregistrasies te moderniseer en te stroomlyn;
- die insluiting van 'n FAQ-skakel binne die toepassing;
- die ontwikkeling van gestandaardiseerde direkteur en kontrolelyste vir prosesse.



ALGEMENE SINODE VAN DIE NED Geref KERK

GENERAL SYNOD OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

Alhoewel slegs 45 minute vir die gesprek gereserveer was, is ons van mening dat dit effektief en konstruktief was. Die belangrikste volgende stap is die reëling van 'n werkswinkel met kerkleiers, waar hierdie uitdagings in meer detail aangespreek kan word.

Ons het dit duidelik gestel dat die kerke nie in diens van die Departement staan nie, maar as vennote in dienslewering optree. Daarom sal ons aanhou aandring op dringendheid, asook op betekenisvolle insette en samewerking.

Baie dankie vir julle begrip en geduld in hierdie saak. Ons is deeglik bewus daarvan dat die huidige situasie vir baie 'n beproewing is. Ander kerke deel die ervaring met ons.

Vriendelike groete

Dr Nioma Venter
Algemene Sekretaris